# Liturgiese Riglyne

## S O N D A G O G G E N D 08:00

## Van Stryd tot Oorwinning in en deur Christus

**Skriflesing:** 2 Tim 4:6-8

**Teksvers**:
2 Timoteus 4:6-8

**Sing**:
Ps 105:1,5
Sb 16-1:1,3,7
Sb 10-2
Sb 18-7:1,12
Sb 13-3

**Elektroniese verwerking:**
Eric Guldemond
Jacques Silvis
**Prediker**: Ds Maarten van Helden

Vandag doen 21 kinders van ons gemeente *Publieke Belydenis van Geloof* in Jesus Christus! Ons kyk terug op die opvoedingspad en dan vorentoe na die stryd wat nog voorlê...

Ten minste gee die Here ook die belofte van oorwinning!

Onthou die jaartema: *Meer as Oorwinnaars deur Hom!* Meer as net wenners in hierdie lewe. Daar wag 'n kroon (Grieks:stefanos) van oorwinning! Dit opsigself dra al die belofte van die oorwinning. En dan word dit genoem 'die kroon van geregtigheid'!

Laat ons mooi nadink oor die stryd op die pad vorentoe, maar vashou aan sy beloftes! Daar wag 'n groot verrassing

## S O N D A G A A N D 18:00

## Verloën jy Jesus of wen jy die geestelike stryd met 'n Oorwinningsperspektief?

**Skriflesing:** Luk 22:1-71; 1-6; 14-23; 31-34; 47-53; 54-62

**Teksvers:**Luk 22:3-6; 21-23; 31;47,48; 60-62

**HK** Sondag 52

**Sing**:
Lied 169:1,2,3
Ps 68-1:9,13
Sb 7-1:1
Sb 13-3

**Elektroniese verwerking:**
Eric Guldemond
Jacques Silvis
**Prediker**: Ds Gerrit Kruger

Judas Iskariot, self 'n dissipel op sy tyd en Petrus, self 'n lieflingsdissipel, verloën onse Here Jesus Christus. Dit is 'n bewys van die skrikwekkende sondemag.

Weens die sonde is ons in 'n ononderbroke geestelike stryd teen die Satan, die sonde en ons eie vlees gewikkel. Ons moet nie een oomblik ons waaksaamheid verslap nie, want ons verkeer gedurig in die versoeking.

Daarom dat ons Here Jesus Christus ons ook geleer het om te bid:….

***"Lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose."***




# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

**Jaargang 46 Nr 06 28 Februarie 2021**
Webblad: http://www.gkcenturion.co.za


# Openbare Belydenis van jou Geloof

Ek onthou nog my belydenisaflegging jare gelede. Die dag toe ek in die kerk groot geword het. Toe kon ek 'n 'belydende lidmaat' wees en ek mog ook self die brood en wyn van die Here se Nagmaal gebruik. 'n Hele nuwe dimensie gaan vir jou oop. Skielik kry hierdie dooplidmaat nou eie verantwoordelikhede en word gereken om by te dra tot die voortgang van die gemeente van Christus.

Vandag lê 21 jongmense van die GK Centurion belydenis van hulle geloof af en ons is saam met hulle opgewonde oor die toekoms. Veral hulle toekoms as lede van die kerk van Christus. Vir die laaste 18 jaar het ons ouers en die gemeente saamgewerk aan die uitvoering van ons doopsbeloftes. En die Here het dit geseën. Nou mag ons hulle sien en hoor (belydenis) en seën toebid op die pad wat voorlê.

In die tye wat kom sal ons almal se geloofsbelydenis nog meer uitgedaag word. Vervolging ter wille van jou geloof word daagliks 'n groter realiteit. Petrus skryf dat ons *"altyd gereed moet wees om verantwoording te doen van die hoop wat ons bely". (1 Pet 3:15)*

Laat ons gebed vir elke jong lidmaat van die kerk dan wees:

**Efesiërs 3:16-18**

*Ek bid dat Hy deur sy Gees uit die rykdom van sy heerlikheid aan julle die krag sal gee om innerlik sterk te word, 17dat Christus deur die geloof in julle harte sal woon en dat julle in die liefde gewortel en gegrondves sal wees. 18Mag julle in staat wees om saam met al die gelowiges te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek. 19Mag julle sy liefde ken, liefde wat ons verstand te bowe gaan, en mag julle heeltemal vervul word met die volheid van God.*

*20Aan Hom wat deur sy krag wat in ons werk, magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink, 21aan Hom kom die eer toe, in die kerk, deur ons verbondenheid met Christus Jesus, deur al die geslagte heen tot in alle ewigheid. Amen.*

*Ds Maarten*

## *ALGEMENE INLIGTING*
### *EREDIENSTYE*

Die Here sorg!

Afrikaanse Oggenddiens: 08:00 en 09:30
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Kantoorure: **Di, Do en Vry** 09:00 - 11:00

Telefoon: 012 664 2614
Epos: kerkkantoor@gkcenturion.co.za

Basdenlaan 226
Lyttelton
0140

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

---

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**KLEINGROEPKOMMISSIE:** Riaan van Schalkwyk Riaanvs.home@gmail.com 072 436 4763.

**KOMMUNIKAATJIE ELEKTRONIES: www.gkcenturion.co.za.**

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins @gmail.com.

**EREDIENSTE OP CD** oudio-opname van 'n erediens: Johann Verreynne 082 554 9416

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

---

***Maandelikse bydraes dmv EFT***
***Verwysing:*** *Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr*



# Liturgiese Riglyne
**SONDAGOGGEND 09:30**
## Jesus Christus reinig ons van ons sonde

**Skriflesing:**
Sagaria 3
**Teksvers:**
Sagaria 3: 4-5
**Sing**:
Ps 100-1:1-4
Ps 40-1:3-4
Ps 136-1:1-3
Ps 111-1:4, 5
Ps 34-1:4-7
Sb 13-3

**Elektroniese verwerking:**
Eric Guldemond
Jacques Silvis
**Prediker**: Ds Hendrik Verryn
Gk Potchefstroom-Oos

Ons is elkeen vuil van die sonde en bestem vir die ewige hel. Maar Jesus Christus het ons soos brandhout uit die vuur geruk en ons in staat gestel om in die verbond voor God te mag leef.

Ons het niks bygedra tot ons verlossing nie, maar is gered op grond van God se genade alleen. En deel van ons genadige verlossing is dat ons nou in 'n nuwe verbond met God is.

God gee vir ons die doop as teken en bevestiging van hierdie verbond. Die doop is nie ons verklaring van ons geloof in God nie, maar God se verklaring dat ons deel het aan die verbond.

## Erediensbywoning

Die genoemde wyke word hartlik uitgenooi om die eredienste by te woon, op tye soos aangedui.

Om aan die nodige wetgewing te voldoen word lidmate versoek om by die aangeduide wyke en tye, te hou. Oggenddienste is om 08:00 en 09:30. Engelse diens om 11:00 en aanddienste is om 18:00 (daar word nie uitnodigings uitgestuur vir die aanddienste nie, lidmate is welkom om dit te kom bywoon).

Lidmate wat eredienste bywoon, word versoek om asb mekaar se veiligheid te respekteer en die nodige afstand en protokol te handhaaf.

Die erediens van **28 Feb 2020 om 08:00** word gereserveer vir die **Belydenisklas** van ds Maarten en hul ouers. Hul ondervraging geskied 27 Feb.

Ons wens hulle die seën van die Here toe.

**28 Februarie**

| **08:00** | **09:30 (**ds Verryn van Potchefstroom-Oos |
|---|---|
| Slegs ouers en Belydenisklas— Aflegging van Belydenis van geloof | A05 tot A08 |
| | B06 tot B10 |
| | C05 tot C08 |

**7 Maart**

| **08:00** | **09:30** |
|---|---|
| A09 tot A12 | A13 tot A16 |
| B11 tot B14 | B15 tot B19 |
| C09 tot C12 | C13 tot C15 |

# Laerskoolkinders

Ons sondes is soos klere wat vuil is.



Maar God het ons sondes vergewe en daarom is ons klere weer skoon.








## *Ons gee om vir Mekaar*

*"Moenie bang wees nie, ..." Jes 43:1*

- Martie Vilas sterk aan na 'n skoueroperasie (C14—071 683 0348).
- Albie Venter sterk aan in Unitas Hospitaal (B7—664 1117).
- Mariana Pelser sterk aan na 'n nekoperasie (B15—082 654 4789).
- Meelewing word betuig met die familie en vriende van Maude Opperman wat gedurende die week oorlede is. Begrafnisdiens gaan gehou word by Olievenhoutbosch Begraafplaas.

***Lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

## *Baie Geluk*

- **Aflegging van Belydenis van Geloof:** Alexander Bond; MJ Erasmus; Megan Gentle; Helena Gildenhuys; Leone Johl; Juanette Johnston; Ignus Jonker; Robert Kornet Meyer; Reinhardt Kruger; Leon-Andre Lourens; Shané Mc Cabe; Marijke Mostert; Karlijn Rebel; Henré Sweers; Paul Sweers; Ria van der Westhuizen; Hugo van Nieuwenhuizen; Liana van Zyl; Jana Venter; Nicholas Wilson; Marissa Zeevaart.
- Met die **doop** van Reuben, seun van Marius en Marie Zwemstra.
- Baie geluk aan die **matrikulante** van 2020 met hul mooi uitslae.

### Alethea Ministry

Like us on facebook: https://www.**facebook**.com/aletheaministry/

***Broadcast every Sunday at 11:00***

### KOLLEKTES

Gebruik asb die Zapper vir die volgende kollektes:

**Vandag:** Tydens erediens: Barmhartigheid — By die deure: Sustentasiefonds

**Volgende week:** Tydens erediens: Barmhartigheid — By die deure: Emeritaatsversoring

U kan u kollektes in die kerk/diakonie se rekening inbetaal indien u nie van die Zapper gebruik maak nie
Neem asb kennis: miv 1 Januarie 2021 word tjeks as 'n betaalmetode gestaak.

**Van der Walt huisonderhoud—**Vir enige herstelwerk, verfwerk; teëlwerk; badkamers; staalwerk; sekuriteitshekke en diefwering; plaveisel; dakwaterseëling; palissades; bouwerk; ens. Vir gratis kwotasie skakel Hennie vd Walt 0829274326/ hj2vdwalt@gmail.com.

Sukkel jy om maandeliks jou skuld en lopende uitgawes te betaal? Voorkom regsaksies en neem nou beheer oor jou finansies. Vir 'n GRATIS konsultasie kontak Petra Swanepoel Streamline Debt Counselling vir persoonlike hulp. GEEN "call centres". Jou privaatheid is vir ons belangrik. Tel 0829277324 of petra@streamlinedebt.co.za.

Is jou **rottang- of riempie-meubels** stukkend? Skakel Willem van der Schyff by 0846620245.

**Kantoor te huur** in Central Office Park, Jeanlaan. Meubels beskikbaar. Gedeelde gebruik van konferensiekamer, WiFi, kombuis, badkamers en een onderdakparkering. Sekuriteitsbeheerde toegang. Onmiddellik beskikbaar. R4,100 plus BTW. Thea Westervelt 012 664 0422 of 082 451 2007.

## Eljada Huis

**Dringende behoeftes:** Kastrolle; volwasse doeke "Groot" en "X-groot"; kaste/laaikaste/bedkassies; waaiers; dubbel– en enkelbeddens; stofsuiers; 2 x 6m en 6 x 5,6m sinkplate; stoele; yskaste; vrieskaste; fietse; gasbottels/2plaat stoof; matte; 13 duim bande 165x90; Engelse "Bybel in Praktyk"; Engelse Kinderbybel.

**Deurlopende behoeftes:** Margarien, konfyt, grondboontjiebotter, suiker, mabella, hawermout, mieliemeel, macaroni, spaghetti, mielierys, stampmielies, rys, koekmeel, suurdeeg, kookolie, gebakte bone, soja, vis in tamatiesous, bruinlensies, soppoeier, waspoeier, toiletpapier, tandepasta, badseep, skeermesse, sjampoe, asbliksakke, jellie, vla, koekies, lekkers, aanmaakkoeldrank.

Plaas die goedere in die waentjie onder die boom.

Hennie vd Vyver 078 442 40421

## Die Skep-Hoop-Fonds

Ons bedank elke lidmaat wat 'n bydrae gemaak het tot die fonds. Ons is bewus van die groot nood waarin baie mense hulle nou bevind. U word aangemoedig om steeds by te dra. Bydraes kan direk in die Diakonie se rekening of via Zapper oorbetaal word. Verwysing: Skep Hoop.

Ons doen beroep op alle lidmate om hulle diaken, ouderling of predikant te skakel indien daar enige nood is weens die Covid-19 pandemie.

U kan gerus ook die volgende diakens hieronder skakel of epos na skephoop@ gkcenturion.co.za as u hulp nodig het, stuur (alles word vertroulik en slegs deur die dagbestuur van die Diakonie behandel).

Marius Gerber: 082 327 2949
Rudy Kruger: 082 468 6035
Petra Swanepoel: 0829277324
Theuns Louw: 082 815 4272
Drikus vd Walt: 060 569 2608

## *Katkisasie*

Vandag: Les 3, Ps 48:1
Volgende week: Les 4, Ps 9:1,7,10
Gr 8 -11 soos gereël deur onderwyser.

Vir meer inligting oor hoe Google Classroom vir katkisasie gebruik word en hoe om aan te sluit, besoek https://bit.ly/3qGIL80 of skandeer die blokkie

## Senior Aksie

8 Maart 2021
om 10:00
in die kerksaal

Quintin Wait gaan met ons kom praat oor die Corona-virus.
Hy is bereid om vrae te beantwoord.
Almal welkom



# *VERJAARSDAE*

*"...U sorg vir my." Ps 16:5*

***BELYDENDE LIDMATE***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 28-Feb | Marine | du Plessis | A14 | 27765656257 |
| | Reinette | Mc Cabe | A16 | 27833813581 |
| | Erna | Olivier | C11 | 27823322118 |
| | Theo | Westervelt | C09 | 27824118946 |
| 1 Mrt | Anja | Prinsloo | B04 | 27848814321 |
| 2 Mrt | Jannet | Gildenhuys | C13 | 27829215614 |
| | Zanie | Kruger | A09 | 27820811030 |
| | Tisha | Lubbe | A09 | 27845146317 |
| | Riëtha | Maritz | C06 | 27720083258 |
| | Johannes | Maritz | A02 | 27825078387 |
| | Rina | Mc Cabe | B19 | 27845166677 |
| | Piet | Mosca | C08 | 27825526886 |
| | Rupert | Prinsloo | B04 | 6530251 |
| | Jacques | Tredoux | B04 | 27836300944 |
| | Hettie | vd Walt | C01 | 27836607888 |
| | Anel | vd Walt | E01 | 27825673643 |
| | Carien | Venter | A15 | 27630921157 |
| 3 Mrt | Peet | Coetsee | B11 | 27786527255 |
| | Nannie | du Plessis | B11 | 27729977972 |
| | Elmarie | vd Riet | C15 | 27829246759 |
| 4 Mrt | Jac | Botha | C08 | 27828142230 |
| | Marlene | Erasmus | C07 | 27741209217 |
| | Alta | Heystek | A10 | 27823370081 |
| | Elmo | Johl | B06 | 27832991014 |
| 5 Mrt | Freek | du Toit | C01 | 27726317202 |
| | Larrie | Erasmus | A10 | 27823226221 |
| | Johannes | Kruger | C06 | 27713533841 |
| 6 Mrt | Johan | Jordaan | A14 | 27828505629 |
| | André | Kurpershoek | A02 | 27846510306 |
| | Sandra | Pohl | A10 | 27731723926 |
| | Jeanette | vd Bijl | A12 | 27835641160 |

***DOOPLIDMATE***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1 Mrt | Marne | du Plessis | B10 | 27723281849 |
| | Stefan | van der Bijl | A12 | 27833883308 |
| 2 Mrt | Cilliers | Erasmus | C09 | 27828833389 |
| | Herman | Prinsloo | B04 | 27848814321 |
| 3 Mrt | Gisela | vd Westhuizen | C15 | 27795125575 |
| 5 Mrt | J'laine | Kruger | C06 | 27792783200 |

## Kerkkantoor-ure

Die kerkkantoor word beman op: **Dinsdae, Donderdae** en **Vrydae** tussen 09:00 en 11:00.

Indien u die kantoor dringend benodig vir administratiewe doeleindes, buiten die bg dae/tye, skakel Ellouis (Ma-Vry tussen 09:00-14:00) by:

**060 696 7373**

## Almanak 2021

Is by die kerkkantoor beskikbaar @ R90. **Betaal asb die bedrag in die kerk se rekening** en kom ruil u bewys van betaling, by die kerkkantoor, vir 'n boek.

Kerkkantoor sal oop wees vir die afhaal van die Almanak Di, Do en Vry tussen 09:00 en 11:00.

**Kerk se bankbesonderhede:**

Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409
Verw: **Boek + Jou Naam**